higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KLEDINGKONSTRUKSIE N4

16 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C
	1.1.2	B
	1.1.3	A
	1.1.4	C
	1.1.5	C
	1.1.6	C
	1.1.7	B
	1.1.8	A
	1.1.9	A
	1.1.10	C
	1.1.11	C
	1.1.12	C
	1.1.13	A
	1.1.14	C
	1.1.15	A

(15 × 1) (15)

1.2	1.2.1	Waar
	1.2.2	Waar
	1.2.3	Waar
	1.2.4	Onwaar
	1.2.5	Waar
	1.2.6	Waar
	1.2.7	Onwaar
	1.2.8	Waar
	1.2.9	Onwaar
	1.2.10	Waar

(10 × 1) (10)

1.3	1.3.1	F
	1.3.2	J
	1.3.3	A
	1.3.4	G
	1.3.5	I
	1.3.6	D
	1.3.7	B
	1.3.8	C
	1.3.9	E
	1.3.10	K

(10 × 1) (10)

Kopiereg voorbehou

1.4 1.4.1 Byewas
1.4.2 Rayon
1.4.3 Skuinsstrook (‘Bias strip’)
1.4.4 Kimonomou
1.4.5 Hakie en ogie
1.4.6 Mesplooie
1.4.7 Platkraag
1.4.8 Soom
1.4.9 Belegsel
1.4.10 Dolman
1.4.11 Naatband (‘Seam binding’)
1.4.12 Franse pylnaat
1.4.13 Omgeboorde knoopsgat (‘Bound buttonhole’)
1.4.14 Opgestikte sak (‘Patch pocket’)
1.4.15 Skerppuntnaald

(15 × 1) (15)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 2.1.1
- Mouboordjies moet gladde, skerp rande hê.
- Mouboordjies moet ewe wyd wees.
- Mouboordjies sonder ń opening moet groot genoeg wees vir die hand om deur te glip.
- Die meeste mouboordjies moet met tussenbelegsel versterk word.
- Kies die regte vasmaakmiddels vir die soort mouboordjie wat gebruik word.
- Gebruik die korrekte mouopening met die soort mouboordjie wat gebruik word.
- Mouboordjies met openinge moet knus rondom die gewrig pas.

(Enige 2 × 1)

2.1.2
- Some moet gelyk wees tensy ń spesifieke ontwerp dit anders vereis.
- Some moet plat en sonder voue wees.
- Die soomwydte moet dieselfde wees oral rondom die rand.
- Handsteke moenie sigbaar wees aan die regte kant van die kledingstuk nie.
- Steke moenie lostrek nie.
- Die soomwydte moet geskik wees vir die gewig van die materiaal en die soort kledingstuk.
- Die soom moet korrek en goed gepars word. (Enige 2 × 1)

Kopiereg voorbehou

2.1.3
- Die lengte van die knoopsgat moet aanpas by die knoopgrootte.
- Verseker dat knope en knoopsgate ooreenstem op die kledingstuk.
- Die digtheid van die knoopsgatstiksels moet voldoende wees om die rand ten volle toe te maak.
- Los garing van die materiaal, aan die binnekant van die knoopsgat, moet weggeknip en verwyder word. (Enige 2 × 1)

2.1.4
- Alle krae bestaan uit ń dubbellaag materiaal.
- Die halslynrand moet ń houstiksel kry voordat die kraag aangesit word.
- Die onderkraag word met ń onderstiksel gestik.
- Die bokraag moet die onderkraag toemaak.
- Ingeslote nate van krae moet weggeknip, uitgedun, ingeknip en uitgekeep word om die dikte te verminder.
- Krae moet met bostiksels versier word.
- Onderkrae moet met tussenbelegsels verstewig word.
- Punte van krae moet simmetries in vorm en posisie.
- Krae moet plat op die skouers lê of netjies opstaan teen die nek.

(Enige 2 × 1)

2.1.5
- Rek moet kleurvas wees.
- Die kleur van die rek moet aanpas by die kleur van die materiaal.
- Die rek moet in ooreenstemming wees met die sorgvereistes van die kledingstuk en moenie meer as 7% krimp nie.
- Eindunte en laste moet stewig vas wees.
- Rek in ń skuifgleuf/omhulsel moenie omrol by die middellyf nie.

(Enige 2 × 1)
(5 × 2) (10)

2.2 2.2.1 Bosselering is ń variasie van kalandering waar gegraveerde verhitte rollers ń verhewe ontwerp vorm.

2.2.2 Verglansing is ń variasie van kalandering waar stysel, gom of ‘shellac’ aan materiaal aangewend en dan oor warm staalrollers gestuur word, wat vinniger beweeg as die materiaal.

2.2.3 Pluising is ń proses waar die materiaaloppervlak geborsel word om die veselpunte op te lig.

2.2.4 Kalandering is ń parsingsproses waar materiaal tussen swaar rollers beweeg om dit glad en blink te maak.

2.2.5 ‘Moireing’ is ń variasie van kalandering waar twee lae materiaal oor geriffelde rollers gestuur word.

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

2.3 2.3.1 Omgekeerde stolpplooie: Dit het TWEE voulyne en gedeelde plasingslyne.✓ Die TWEE voue van elke plooi word na mekaar gedraai waar dit bymekaarkom.✓ (2)

2.3.2
- Plooie moet aan die bokant aan ń ander deel van die kledingstuk of aan ń band vasgestik word.
- Plooie moet gevou en geryg word voor die synate van die kledingstuk gestik word.
- Indien daar ń las in ń geplooide deel van ń kledingstuk nodig is, moet die naat eers voltooi word voor die deel geplooi kan word.
- Plooie op ń reguitdraad van die stof moet oor die hele lengte van die plooi gevou word (op die reguit draad).
- Plooie moenie finaal gestik word voor die kledingstuk nie geryg en gepas is nie.
- Plooimerke moet oorgedra word op die materiaal sodra die kledingstuk uitgesny is.
- As ń patroon nie gebruik word nie, moet plooie versigtig gemeet en gemerk word op die materiaal.
- Pars die voltooide plooie plat. (Enige 5 × 2) (10)

2.3.3
- Stolpplooie
- Mesplooie (2)

2.3.4 Plooie word gebruik om volligheid weg te werk. (1)

2.3.5
- Plooie moet eweredig en akkuraat gespasieer word.
- Plooie moet ewe wyd wees van vou tot vou.
- Moet plat lê en nie optrek nie.
- Moet plat gepars word, skerp voue hê en nie blink nie.
- Moet in ń reguit lyn parallel aan die vou en gelyk in wydte wees.
- Garing en stiksels moet van hoë kwaliteit wees. (Enige 5 × 2) (10)

2.4. 2.4.1
- Vou die middelband in die helfte, met regte kante na buite, stryk ń vou in vir ń gidslyn.
- Sny die tussenbelegsel die helfte van die wydte van die band.
- Sit die tussenbelegsel aan, van die voulyngids aan die binnekant van die middellyfband, sodat dit nie aan die buitekant wys nie.
- Draai die naattoelating van die binnekant na die verkeerde kant van die middellyfbandrand en ryg al langs die rand.
- Vou die middellyfband dubbeld met die regte kante teenmekaar en stik die naatlyn by die rand.
- Knip die naat en dun dit uit.
- Draai die middellyfband na die regte kant. (Enige 5 × 2) (10)

2.4.2 Agterkant✓ en sykant✓ van die romp. (2)

2.4.3
- Pylnate
- Opnaaisels
- Rygsplooitjies (Enige 2 × 1) (2)

Kopiereg voorbehou

2.4.4 Tussenbelegsel (1)

[60]

VRAAG 3

3.1 3.1.1

A Skag (‘Shaft’)
B Steel (‘Shank’)
C Plat kant
D Ronde kant
E Voorste groefkant (‘Front groove’)
F Serp
G Oog (‘Eye’)
H Punt (‘Point’) (8)

3.1.2

- Balpuntnaald (‘Ball point needle’)
- Skerppuntnaald (‘Sharp point needle’)
- Wigpuntnaald (‘Wedge point needle’) (3)

3.1.3

- Die steeklengte vir gewone nate hang af van die gewig, tekstuur, en struktuur van die materiaal.
- Hoe dikker die materiaal, hoe langer die steeklengte, hoe dunner die materiaal, hoe korter die steeklengte.
- Die boonste en onderste garing moet gebalanseerd wees.
- Verstewig die begin en einde met ń trustiksel.
- Dit mag nie optrek of los garing hê nie.
- Stiksel moet reguit wees. (Enige 5 × 2) (10)

3.1.4

- Plat krae
- Opstaankrae
- Rolkrae
- Krae aaneengesny met die kledingstuk
- Omslaankrae (‘Revere collars’)
- Lapelkrae (Enige 3 × 1) (3)

3.1.5

- Draai die naaldskroef los.
- Hou die naald vas met die plat kant van die steel (‘shank’) wat weg wys en die groef van die naald wat na die garingleier (‘thread guide’) wys
- Druk die naald op in die klamp, so vêr as moontlik en draai die naaldklampskroef vas. (3)

3.1.6

- Skei drukknopie dele en merk die posisie op die kledingstuk. Die balgedeelte word aan die onderkant en die sokgedeelte word aan die bokant van die kledingstuk geplaas.
- Verstewig die garing en werk deur die eerste gaatjie van die drukknopie op die rand van die balkant van die drukknopie met 'n normale oorhandsteek, wat nie aan die regterkant wys nie. Werk 2 tot 3 steke in elke gaatjie vas tot al die gaatjies gewerk is.
- Verstewig die garing en herhaal dieselfde prosedure vir die sokkant van die drukknopie.• (3)

3.2 3.2.1
- Balkie met ń waaier-punt (‘Bar with fan end’)
- Balkie met ń sleutelgat-punt (‘Bar with keyhole end’) (2)

3.2.2
- Grootte van die knoop
- Posisie van die knoop
- Soort knoop (3 × 2) (6)

3.2.3
- Gewone opnaaisels
- Blinde opnaaisels
- Gespasieërde opnaaisels
- Speldopnaaisels
- Geskulpte opnaaisels
- Koordopnaaisels (Enige 4 × 1) (4)

3.2.4
- Pylnate
- Plooie
- Opnaaisels
- Volligheid/inruiming
- Pylnaatopnaaisel (Enige 2 × 1) (2)

3.3
- Illustrasie van die agteraansig
- Illustrasie van al die patroondele
- Liggaamsafmetings van verskeie groottes
- Lengte van die vereiste materiaal
- Lys van voorgestelde materiale vir die kledingstuk
- Lys van diverse items soos garing, knope ens.

(Enige ander relevante antwoord) (6 ×1) (6)
[50]

VRAAG 4

4.1
- Heg die tussenbelegsel aan en werk die dele van die gefatsoeneerde belegsel aanmekaar.
- Met regte kante teenmekaar, pas die keepmerke, merke en naatlyne van die kledingstuk en die belegsel.opmekaar.
- Met die belegselkant boontoe, stik al langs die hals-naatlyn en pars.
- Knip die naattoelating weg en dun uit.
- Met belegsel en naattoelating weg van die kledingstuk, stik ń onderstiksel van die regte kant af, naby die hals-naatlyn.
- Verstewig die belegsel in posisie.
- Werk ń glipsteek om die rand van die belegsel by die naattoelatings van die kledingstuk vas te werk.
- Pars die voltooide belegsel. (9 × 2) (18)

Kopiereg voorbehou

4.2 A – Armsgat/houstiksel (‘Armhole/staystitching’)
B – Keepmerk (‘Notch’)
C – Belegsel/Tussenbelegsel
D – Rygsteke/Glipsteke (‘Tacking/Slipstitches’) (4)

4.3
- Kante van belegsel moet netjies afgewerk word.
- Belegsels moenie uitrol as die kledingstuk gedra word nie.
- Belegsels moet platlê sonder om te trek.
- Belegselsnate moet weggeknip word.
- Inkniping en uitkeping moenie deur al die lae gesny word nie, maar met intervalle.
- Belegsels moet met tussenbelegsel versterk word.
- Belegsels moenie sigbaar aan die regte kant wees nie behalwe wanneer dit vir versieringsdoeleindes is. (Enige 3 × 2) (6)

4.4
- Armopeningrand
- Middellyflynrand
- Halslyn
- Voor- en agteropeninge (Enige 2 × 1) (2)

4.5
- Damesklere
- Eksklusiewe manshempde
- Dasse
- Pakmateriaal (‘Suiting’)
- Onderklere
- Serpe
- Aandskoene
- Stoffering en gordynmateriale (Enige 3 × 2) (6)

4.6
- Uitdunning (‘Grading’)
- Wegknipping (‘Trimming’)
- Uitkeping (‘Notching’)
- Inknipping (‘Clipping’) (4)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou